



KRAGGAKAMMA GEMEENTE se Kersmark 2026



Kraggakamma Gemeente nooi u uit om produkte by ons mark te kom uitstal en verkoop.
Ons is nuuskierig om uit te vind hoe u hierdie jaar 'n bydrae kan maak tot ons eerste Kersmark.

Die stalletjies word in die saal geplaas. Die saal sal versier word met liggies en drapering.
Die publiek word dan uitgenooi om die Vrydagaand en die Saterdagoggend saam met ons te kom geniet.
Vermaak, in die vorm van kersmusiek, sal aangebied word.
Daar sal stalletjies wees wat eet- en drinkgoed verkoop.

Datum: 6 November 15:00 – 20:00

7 November 08:00 – 13:00

Plek: Kraggakamma Gemeente

Gazanielaan 2, Sunridge Park

Reëls

1. Slegs kuns en handgemaakte produkte sal verkoop word.
2. Alle produkte moet deur die markkomitee goedgekeur word.
3. Slegs goedgekeurde produkte mag verkoop word.
4. Voltooide inskrywingsvorme moet voor 20 September ingehandig word, via faks, e-pos of per hand.
5. Inskrywingsgeld vir die goedgekeurde stalletjies moet teen 31 Oktober betaal wees, om jou stalletjie te bevestig.
6. Die koste van die stalletjie is as volg:
R 300.00 vir die stalletjie en sluit 'n **tafel en twee stoele** in. Elke stalletjie-eienaar is verantwoordelik vir sy eie tafeldoek, versierings en enige ander verkoopsmateriaal wat benodig mag word.
7. Kragpunte sal op aanvraag beskikbaar wees.
8. Al die stalletjies moet volgens 'n Kerstema versier word. Onthou die kersfeesliggies.
9. Stalletjie plekke is die Vrydag vanaf 07:30 beskikbaar en stalletjies **moet** teen 14:00 klaar opgeslaan wees.
10. Jou naam sal op jou tafel wees, om sodoende jou plek aan te dui. 'n Kaart met die uitleg van die terrein sal ook beskikbaar wees by die ingang.
11. Elke uitstaller is verantwoordelik vir die veiligheid van sy eie stalletjie.
12. Elke uitstaller is verantwoordelik vir sy eie geldkissie en kleingeld.
13. Stalletjies moet op 7 November teen 14:00 opgeruim wees. Geen stalletjie mag egter voor 7 November om 13:00 oppak nie.

Indien jou stalletjie goedgekeur word, moet die volle bedrag van R250.00 betaal word, en eers dan sal die stalletjie bevestig wees.

Betalings kan per internet of as kontant by die kerkkantoor inbetaal word.

Naam: NG Kragga Kamma

Bank: ABSA

Tjek rek. no. 1400590091

Takkode: 632-005

Verw: Naam/Produk

Bewys van betaling moet asb.

per epos na: kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za gestuur word.

3 STAP PLAN:

1. Goedkeuring:

Alle **uitstallers** moet vir **Marisa van Wyk** kontak by **082 493 6258** of marisavanwyk973@gmail.com vir die goedkeuring van produkte. Foto's van produkte kan ook aangeheg word.

2. Aansoekvorm en betaling:

Na goedkeuring moet die voltooide **aansoekvorm** ingehandig word, asook die bewys van **betaling**, per epos of faks.

3. Finale bevestiging:

Stalletjies sal slegs **finale** bevestig word met die ontvang van betaling.

KRAGGAKAMMA GEMEENTE



Kersmark 2026 Aansoekvorm



Kontak besonderhede:

Marisa van Wyk

tel: 082 493 6258,

e-pos: marisavanwyk973@gmail.com

Datum: 6 November 15:00 – 20:00

7 November 08:00 – 13:00

**Plek: Kraggakamma Gemeente
Gazanialaan 2, Sunridge Park**

1. Kontak Persoon: _____
2. Tel. no.: _____
3. Sel no.: _____
4. Faks no.: _____
5. E-pos adres: _____
6. Naam van Besigheid: _____
7. Beskrywing van produk: _____

8. R 300 per stalletjie.
Dui asb. aan hoeveel **ekstra** tafels u benodig (teen R50.00 per tafel)
9. Dui asb. aan of jy 'n kragpunt benodig

**Voltooide vorms moet voor 20 September ingehandig word,
via faks, e-pos of per hand!**

Ons sien uit daarna om jou by ons Kersmark te ontmoet!!